



Gouelokkies en die drie bere




Aangepas uit 'n Engelse verhaal

Illustrasies: Helga Hoveka



Die pap was te warm.



Daarom het die drie bere 'n
entjie gaan stap.



Gouelokkies het die bere se
huis gesien.

Sy het daar ingegaan.



**Gouelokkies het aan al die
bakkies pap geproe.
“Ek hou van hierdie pap, dis
net reg,” sê sy.**



**Gouelokkies het al die stoele
uitgetoets.**

**“Ek hou van hierdie stoel, hy’s
net reg,” het sy gesê.**

Ag nee, die stoel het gebreek!



**Gouelokkies het op elke bed
gaan lê.**

**“Ek hou van hierdie een,
hy’s net reg,” het sy gesê.**

**Gouelokkies het vas aan die
slaap geraak.**



Die drie bere het by die huis aangekom.



“Wie het my
pap geëet?”
vra Mamma
Beer.


“Wie het
my stoel
gebreek?” vra
Baba Beer.





Die drie bere het in die
slaapkamer ingegaan.
“Wie is jy?” vra Pappa Beer.

q



**Gouelokkies het die bere
gesien en haar byna boeglam
geskrik!**

**Sy het al die pad gehardloop
en gehardloop tot by haar eie
huis.**





Die einde

